

Publication: RapportWesternCape (Sport)
Publication Date: 15 Jul 2018
Page: 23

AVE: 42528.53
Circulation: 36857
Part: 1 of 1

# Noord-Gauteng ryg titels in

Annchen Nel

Die oorheersing van Noord-Gauteng in Suid-Afrikaanse netbal het g'n einde nie.

Tshwane het Mangaung van Bloemfontein in die eindstryd van die nasionale kampioenskapstoernooi in Port Elizabeth met 47-34 geklop.

Die titel is Noord-Gauteng se vyfde titel in agt jaar.

Die Pretorianers het in die kampioenskap net een nederlaag gely – teen die einste Mangaung – maar in die eindstryd was dit 'n ander storie.

Dit is Noord-Gauteng se derde titel tot dusver vanjaar.

Die Jaguars het verlede maand die nasionale Premierliga gewen en Tuks was die beste studentespan in verlede week se Ussa-toernooi.

As jy verlede jaar byreken, is dit Jenny van Dyk, afrigter van al drie dié spanne, se sesde titel.



**Marlize de Bruin van Tshwane in aksie teen Mangaung.** | FOTO: GALLO

Van Dyk sê hul plan was om die wedstryd beter te begin, selfs al vroeër met die opwarming. "Ons het ook seker gemaak ons speel volgens ons sterk punte," sê Van Dyk.

Sy sê hulle het lank en hard gewerk om die kombinasie van Jasmine Ziegelmeier (hoofverdediger), Shadine van der Merwe (hulpdoelverdediger) en Lungile Mthembu (verdedigende vleuel) te slyp en dit werp nou vrugte af.

Ine-Marí Venter, doel van Tshwane, was 'n uitblinker vir haar span.

Sake was aanvanklik gelyk met die Pretorianers wat ná die eerste kwart met 13-10 voorgeloop het.

Hulle het in die tweede kwart 12 doele aangeteken teenoor hul teenstanders se 7 (25-17 met rustyd).

Die Bloemfonteiners kon nie die agterstand van agt doele uitwis nie. Tshwane het die spyker net dieper ingeslaan en ná die derde kwart met 38-24 voorgeloop.

Daar was dubbele vreugde vir die Pretorianers nadat hul o.21-span in die toernooi vir O.21-spanne koning gekraai het deur die Kaapse Wynlande met 55-47 te klop.

This article is copyright protected and licensed under agreement with DALRO. Redistribution, modification, re-sale of this is not allowed without prior written consent of the original author of the works.